**In the Supreme Court of Appeal of South Africa**
**MEDIA SUMMARY**

Case number: 600/06

In the matter between

LUKAS JACOBUS JURIE NORTJE APPELLANT
en
DIE STAAT RESPONDENT

From: The Registrar, Supreme Court of Appeal
Date: 2007-11-09
Status: Immediate

1. Hierdie appèl, waarin die HHA uitspraak gegee het op 9 November 2007, was gerig teen die appellant se skuldigbevinding aan verkragting en onsedelike aanranding, sowel as die vonnisse van tien jaar en ses maande gevangenisstraf wat vir hierdie twee aanklagte, onderskeidelik, opgelê is.

2. Die feite, soos bevind deur die verhoorhof, wat die skuldigbevindings ten grondslag gelê het, was dat die appellant op 23 Februarie 2000 die klaagster, met wie hy sosiaal bevriend was, in haar huis op Vereeniging betas en uiteindelik verkrag het. In die Streekhof, sowel as op appèl na die Transvaalse Hooggeregshof, was die appellant se verweer een van 'n alibi; dat hy die betrokke oggend glad nie by die klaagster se huis was nie maar op 'n besigheidsafspraak. In die HHA is egter toegegee dat die alibi verweer tereg van die hand gewys is. Nietemin is betoog dat die appèl behoort te slaag op grond daarvan dat op die klaagster se eie weergawe, daar 'n redelike moontlikheid van toestemming bestaan. Die HHA het egter bevind dat ook hierdie verweer nie op die feite kan slaag nie. Gevolglik is die appèl teen die skuldigbevindings van die hand gewys.

3. Wat vonnis betref was die appèl hoofsaaklik gerig teen die vonnis van 10 jaar gevangenisstraf vir verkragting wat opgelê is uit hoofde van Wet 105 van 1997. Ingevolge hierdie wet was die streekhof inderdaad verplig om, by gebreke aan wesenlike en dwingende omstandighede wat 'n mindere vonnis sou regverdig, 'n minimum vonnis van 10 jaar gevangenisstraf op te lê. Na oorweging van al die omstandighede het die Streekhof tot die slotsom gekom dat daar geen sodanige omstandighede bevind kan word nie. Soos die Transvaalse Hooggeregshof was die HHA van oordeel dat daar geen basis is waarop met hierdie bevinding van die Streekhof ingemeng kan word nie. Gevolglik is die appèl teen die vonnisse eweneens van die hand gewys.